



**Die CMR verryk gesinslewe deur
Christus se liefde in aksie.**

**Christelike Maatskaplike Raad
Jaarverslag**

Boekjaar 1 April 2015-31 Maart 2016

**BAIE DANKIE VIR U ONDERSTEUNING
DEUR DIE JAAR!**

CMR Aliwal Noord
Smith Straat 52
Aliwal-Noord
9750
051-6332658
0865674913
cmraliwal@lantic.net

DIE LIEFDE VAN JESUS IS WONDERBAAR!!

Die liefde van Jesus is wonderbaar!
Ons het dit die jaar beleef, met elkeen,
wat ons pad gekruis het! Ons het
beleef hoe ryk die Here is aan genade,
vergifnis, seën en voorsiening.

Jesus is, gister, vandag en more...Jesus
verander nooit! Maar ons het gesien
hoe die Here verandering in mense se
harte te weeg bring.

In die jaar kan ons maar net weer
getuig, die Here is groot en doen
magtige dade, Aan die Here se liefde is
daar geen einde nie. Loof die Naam
van die Here. (Ps. 118).

Sonder die goedheid en die guns van
die Here kan die CMR nie funksioneer
nie. Die Here lei en beskerm ons, gee
wysheid en kennis, gee hande en sorg.
Die Here het ons kantoor en ons
mense gesëen!!

Baie dankie aan elke CMR
ondersteuner, die bestuur, CMR
personeel, Direkteur,
Programbestuurder, donateur en
persone wat bereid was om hulle seer
met ons te deel. Ons waardeer dit!

CMR groete,

Lindi Roberts

Voorsittersbrief

So het ons weer aan die einde
gekom van die finansiële jaar vol
hoogtepunte. Alle eer aan ons
God vir die geleentheid wat oor
die CMR se pad gekom het om die
finansiële jaar op 'n positiewe
noot te kan afsluit.

Dit is met groot dankbaarheid dat
ons, die CMR, die
noodleningswerk hier op die
aarde kan voortsit. Ons bedank
elke lid vir die bydrae wat gemaak
is, om dit 'n groot sukses te maak.

Baie dankie aan die personeellede
nl. Lindi, Nellien en Margaret vir al
hul harde werk wat hulle insit
asook Me Corné Erasmus en Me
Anerin Gouws vir hulle bydraes.
Dankie vir die oudit verslag wat
die CMR ontvang het. Dit is 'n
riem onder die hart en 'n geruste
wete dat daar mense is wat die
gemeenskap se belange op die
hart dra.

Ons spreek ons dank uit aan die
donateurs vir die afgelope jaar se
bydraes, gebede en onder-
steuning. Dit help die CMR om
optimaal en glad te funksioneer.

Mag CMR Aliwal Noord van krag
tot krag gaan in die belangrike
werk wat hulle in die
gemeenskap doen.

Ek haal aan uit Matt 6 vers 3: As
jy liefdadigheid bewys, laat jou
linkerhand nie weet wat jou
regterhand doen nie.

Mag die goeie daad voortleef in
elkeen se hart en siel vir die
volgende jaar wat voorlê.

Groete

Ivan van Jaarsveld

Waar u betrokke kan raak:

- Gebed
- Aanmelding van nood
- Voedselpakkies
- Soprojek -Mei-Augustus
- Skenk van komberse
- Oorskiet wol en materiaal
- Skenk van klere
- Bederf 'n kind op sy verjaarsdag


Die CMR is gestig in 1952 en is
geaffilieer aan die NG Kerk Aliwal
Noord. Die CMR is 'n Nie-
wingsgewende organisasie (NPO 003-
641) ingevolge die "Non-Profit
Organisation Act 71 of 1997".

Finansies


Die inkomste van die CMR bestaan hoofsaaklik uit: staatsubsidie, kerklike bydraes, donateurs en fondsinsamelingsprojekte. Geallokeerde fondse word vir die doel (gesin of projek) aangewend. Die finansiële boeke word deur Theron en Du Plessis geoktrooierde rekenmeesters, Aliwal-Noord geoudit.

Die CMR en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het 'n ooreenkoms gesluit om dienste te lewer. Die ooreenkoms is gebaseer op die "Service Level Agreement". Die CMR is verplig om verskeie verslae by die Departement in te handig wat die dienste weer gee. Die Departement gee 'n staatsubsidie (55% van die inkomste) wat aangewend word vir salarisse en administratiewe onkoste.


Die CMR se bedieningsarea's is: Die Dorp, Bronne, Aborsig, Plaasdistrik, Lady Grey en Jamestown.



Kerkverband



Profession of clients



CMR Programme:

M.I.V./Vigs, Gesinsverryking en Statutêre werk

Die boekjaar het die CMR 'n totaal van 107 geregistreerde gesinne bygestaan. 26 Nuwe gesinne is ingeskakel. 49 Gesinne is op 'n kort termyn basis gehelp. 180 Persone is terapieuties gehelp.

Statistiek

- 35 kinders het spel terapie ontvang; van die kinders was onsedelike aangerand, is geboelie, of het trauma ervaar wanneer ouers skei, alkohol gebruik of selfmoord probeer pleeg.
- Noodhulp is maandeliks aan 30-35 gesinne gegee. 501 Pakkies ter waarde van R 44000 is uitgedeel.
- 2 Jong volwassenes is in die proses van herkomsnavraag nadat hulle as babas aangeneem is.
- 9 Kinders is verwaarloos/wangevoed/mishandel.
- 1 ouer het haar ongebore baba in 'n vullissak versteek.
- 6 Persone het ingeskakel vir terapie vir alkohol en dwelmverslawing.
- 2 Persone werk aan hul depressiewe gevoelens.
- 12 Bejaardes is emosioneel ondersteun en van hulle is bygestaan in hul aansoek vir 'n bejaardesorgsentrum.
- 2 Persone is gekeur vir Pleegsorg en 9 vir Aanneming.
- 1 Gesin het terapieuties ingeskakel vir gesinsgeweld.
- 5 Gesinne word kwartaaliks bygestaan met hul aansoek om voogdyfonds.
- 2 Ouerskapsplanne is opgestel na 'n egskeiding en 9 gesinne het mediasie ontvang.
- 3 Kinders is wees gelaat.
- 7 Gesinne het ouerleiding ontvang
- 2 Psigiatrisiese pasiente is emosioneel bygestaan.

Elkeen het n storie, 'n lewensverhaal, dit is gevul met 'n lag, 'n traan, woede, goed en soms sleg....goeie keuses en soms verkeerde keuses.

Soms word mense geraak deur ander persone se verkeerde keuses.....hier is 'n oorsig van lewensverhale wat ons harte diep geraak het.

“Consealment of birth” wanneer n persoon geboorte gee aan 'n baba en dan die ongebore baba versteek....die hoekom, waarom en daarom, sal 'n mens nie kan begryp nie.

As ek slaap droom ek nog....Dit was erg om die blou handdoek wat my broer sin was te gebruik om die baba in toe te draai. Die kind se arms was baie maer...ek het die vullissak dopgehou totdat hulle die sak kom haal het. Ek weet nie of dit 'n seun of 'n dogter was nie. Ek wou nie kyk nie. Die polisie het my gekry....hulle het vertel dit was 'n seuntjie.....

Verlies:

Sy pa en ma is reeds dood, sy oom wat hom versorg, sterf onverwags...hy is net 9 jaar oud. Hy voel soos 'n boot wat 'n storm oorleef....'n baie klein bootjie...Sy hartjie klop wild en hy is dikwels bang. Hy weet Jesus hou hom vas. Hoe oorleef jy dit alles, vra ek? Hy antwoord... Jy moet net Moed hou!

Depressie

Wat sê 'n mens vir iemand na vyf mislukte

selfmoordpogings? Ek wens ek het geweet...

Onsedelike aanranding

Sy is vyftien jaar oud. 9 Ouens het haar verkrag.'n bende verkragting by 'n skool. Vandag gaan sy net gewoonweg aan....asof sy net 7 jaar oud is....asof dit nooit gebeur het nie.....haar pyn is nog baie diep weg gebêre.

Alkohol en dwelmgebruik

Ek wens ek het engelvlerke wat my kan toevou en beskerm...ek sal so veilig voel...maar dit voel eerder of ek in die see val...ek is bang vir 'n haai...ek moet vorentoe kyk en swem....daar is niemand om my te help nie.

My pa val op my... hy is dronk.

1 Jaar sober! Ons eet koek saam met die trots, maar nederige oom op die heuglike dag!


Speltherapie:

Ek was bang...ek het geweet iets is nie reg nie...ek het my ma gebel...sy was by die werk...toe ek in die sitkamer kom...sien ek my boetie was die muur.....daar was baie bloed...ek weet nie waar my oupa is nie....ek dink hy is vermoor.

My pa gooi ons uit...ek is bang... dit is donker...

Wat wil jy graag hê? 'n Magical blom....wat almal laat lag wat by hom verbyloop...

STATUTÊRE WERK— DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND



45 Kinders is in die Kontinuum van sorg, ingevolge van die Kindersorg Wet, 2005 geplaas.

Dit is wanneer kinders beveilig word of stabiliteit in hulle lewens bewerkstellig word deur die ingryping met die Wet.

Slegs 3 ouers van die 45 kinders ontvang gesinsherenigingsdienste, waar daar 'n moontlikheid is dat die kinders teruggeplaas kan word in hul sorg.

1 Kind is met 'n dringende bevel verwyder, waar haar lewetjie (2jr) in gevaar was.

1 Baba is aangeneem, wat 'n ongelooflike wonderlike voorreg en bevoorregte posisie was vir ons almal om deel te wees van die Here se beplanning en sorg vir die babatjie.

FONDSINSAMELING - KERSMARK

Die kersmark was 'n spoggerige feesgeleentheid. Daar was etlike stalletjies met tuisgemaakte produkte wat verkoop word. Die CMR ontvang 'n bedrag vir die huur van die stalletjie.

Baie dankie vir Mevv. Nellien Nel en Ester du Toit vir die reëlings van die kersmark, Me Theresene Rheeder, Riette de Wet en Antoinette van Pletzen wat gehelp het met die poedingverkope en die Oosthuizen gesin vir die braaiwerk en teetuin.





GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Baie dankie aan Aliwal-Noord en Jamestown gemeenskap, besighede en borge vir julle ondersteuning.
 Julle ondersteuning het voorwaar 'n groot verskil gemaak in etlike gesinne se lewens.



Die vrouediens het 40 Kerrie-en-rys bakkies voorsien.

Leta Joubert skenk op n gereelde basis reeds voorbereide kos.



Pick en Pay is die afsetgebied vir babaklere. Dankie Mev. Karen Prinsloo vir u volgehoue projek.

Dankie aan elke individue wat 'n finansiële bydrae gemaak het.

Rhona van der Merwe en haar span maak sop in die wintermaande.

Die Van der Westhuizen gesin van Badfontein het aartappels geskenk.



Huis van der Horst se flukse dames skenk selfgebreide trui wat uitgedeel is vir 20 kinders. Mev. Drika van Zyl het ook gebrei!

Protea Kafee skenk brood en melk aan een gesin. Borge skenk aan 6 gesinne brood en melk wat by die Kafee afgehaal word.



Die gemeenskap neem verantwoordelikheid vir die kerspakkie projek. Een gesin het 40 bokse geskenk.

God se genade en sorg is groot!!

Aliwal –Noord en Jamestown gemeenskap skenk op gereelde basis voedsel en klere. Die kospakkies word maandeliks uitgedeel, terwyl klere elke Vrydag beskikbaar is.

Pick en Pay skenk maandeliks R 1000 vir die aankope van voedsel en vars groente. Silwergeld word geskenk in Pick en Pay se houer.



Die CSV, Kinderkrans en Landsdiens het mildelik bygedra tot ons noodspens.



Helpmekaar boerdery skenk eiers.

Die posduifklub het 'n donasie van R7500 geskenk.

Debonairs maak van pizza deeg, roosterkoeke. Hulle dough-nation vul baie honger magies.

